# PNHS Krieket

Uitslag vriendskaplike wedstryd

PNHS vs Brits Hoërskool : 28 Mei 2022

Ludwig Erasmus, kaptein van PNHS wen die loot en besluit om eerste te boul.

Brits Hoërskool teken 259 lopies aan in 39.2 boulbeurte.

Wian Reynners lewer ‘n besondere prestasie deur 5 paaltjies te neem in 7.1 beurte vir 50 lopies. Hy staan 6,98 lopies per beurt af teen ‘n treftempo van 10 lopies per paaltjie.

**Wian Reynners (5 vir 50)**



Ludwig is ook uitsonderlik agter die paaltjies en benut 2 stonkkanse en benut ‘n baie goeie uithardloop geleentheid (alleen aandeel).

Ons kolfbeurt begin rampspoedig met Mark Gorman wat uit is sonder om ‘n lopie aan te teken.

**Jammer Mark, dit was 'n goeie laat swaaibal.**



'n Uitstekende vennootskap van 128 lopies volg tussen Ludwig en Ulrich Breytenbach voor Ludwig uit is met sy telling op 111 van slegs 54 balle.

(Treftempo : 206 lopies per 100 balle).

**Ludwig Erasmus (111)**



Ulrich dra by met 'n goeie 39 lopies van 50 balle (Treftempo : 78), maar baie meer belangrik is dat hy vir 110 minute lank gekolf het.

**Ulrich Breytenbach (39)**



Ons verloor gereeld paaltjies en staan op 234/9 toe JJ du Raan hom in die middel bevind.  Ons kort 26 lopies, en Brits 1 paaltjie.

JJ speel ‘n kalm en berekende beurt van 22 lopies van 21 balle.  Hy slaan die wenlopie in die 31$^{e}$ beurt.  Nathan du Preez het sy paaltjie uitstekend verdedig om die wen moontlike te maak (1 lopie van 3 balle)

**JJ du Raan (22)**



PNHS wen dus met 1 paaltjie.

## BAIE GELUK MANNE !

**Dankie aan Itu (Hoofafrigter), Eumarie, Ricea en Megan wat as skeidsregters en tellinghouers opgetree het, asook die restaurant personeel vir ‘n heerlike en vullende middagete.**

Wynand Pienaar
Organiseerder